Kerngedagte: Om Jesus te hê vir tyd en ewigheid (Tony Neerings 2007)

Perikoop:

Joh 3:36 "Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe;....."

1Jo 5:12 "Hy wat die Seun het, het die lewe;....."

Onderwerp:

Wie het die ewige lewe?

Kompliment:

Hy wat in die Seun glo / Hy wat die Seun het

Kom ons kyk eers na die ware bron van die lewe; die lewe is in die Vader → wat dit ook aan Jesus gegee het om in Homself te hê: Joh 5:26 "Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê."

Jesus is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het (manna) en diegene wat dit eet sal lewe tot in ewigheid – en die brood is Jesus se vlees (Hy gee Homself):

Joh 6:51 "Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee."

Joh 6:57 "Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe."

Lewe → fisies, vlees?_____✔
→karakter en wese, gees/motief?_____✔ ✔

Joh 6:63 Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe.

⇨ Lewende God $\overset{\text{gee}}{\underset{\text{lewe in}}{\rightarrow}}$ Jesus $\overset{\text{gee}}{\underset{\text{lewe in}}{\rightarrow}}$ die mens wat Jesus "eet"

God is Gees, en word in gees en waarheid aanbid:
Joh 4:24 "God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid."

⇨ *Jesus se lewe is om in wese en karakter God te demonstreer:*
Joh 12:49 "Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My 'n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek."
Joh 12:50 "En Ek weet dat sy gebod die ewige lewe is. Wat Ek dan spreek—net soos die Vader vir My gesê het, so spreek Ek."
Joh 17:2 "soos U Hom *(Jesus)* mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee."
Joh 17:3 "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het."

Heb 1:3 "Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag,....."

⇨ *Net so is ook my lewe om die karakter en wese van Jesus deelagtig te word:*
Joh 17:21 "dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het."

Elkeen wat homself hiertoe verbind, het die ewige lewe. Om Jesus te eet beteken om Jesus (God) se karakter en wese hul eie te maak en deur die Gees verrander te word om dit daagliks uit te leef tot in ewigheid.....

Wat beteken dit om Jesus te hê?
mens het griep, het koors, het kanker – fisies, intern
mens het werk, het geld, het besittings – fisies, ekstern, vermoëns
mens het lief, het geduld, het vrede – intern, nie fisies, waardes.

het:- gesegde vorm in teenwoordige tyd van hê, 'n selfstandige werkwoord wat besit aandui, nie net besittings nie, maar ook vermoëns – hetsy fisies, verstandelik, emosioneel – motief, karakter en wese.

Hy wat die Seun het, het Jesus se "vlees ge-eet" en Sy bloed "gedrink", maw wat Jesus in God die Vader is, hul eie gemaak – dit ingeneem om deel van hulle te vorm – om gees en lewe in hulle te wees – in geloof en vertroue hulself aan God oorgegee om verander te word na die karakter en wese van Jesus.
1Joh 2:3 "En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar. "
1Joh 2:5 "Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is."
1Joh 2:6 "Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het."
1Joh 2:10 "Wie sy broeder liefhet, bly in die lig, en in hom is geen oorsaak van struikeling nie."

1Jo 4:7 "Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God."
1Jo 4:9 "Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe."
1Jo 4:10 "Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes."
1Jo 4:11 "Geliefdes, as God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê."
1Jo 4:12 "Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword."

Rom 13:8 "Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul."
Rom 13:9 "Want dít: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag nie begeer nie, en watter ander gebod ook al, word in hierdie woord saamgevat: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."
Rom 13:10 "Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet."

Hy wat die Seun het, het hom/haarself aan God verbind om verander te word om niemand te-na te kom nie – maar om eerlik regverdig en opreg te lewe.

Rom 6:16 "Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie....."
Rom 6:22 "Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe."

Die roeping in Jesus is om die doek van die lewe te kom verf met al die kleure en tegnieke van die liefde. Die doel van die Meester is om die student al die tegnieke en wysheid te leer, en Sy behoefte is dat die student die vakgebied bemeester en self na hartelus en met oortuiging verf – die kleure en skakerings van verlossing in Christus en Gods liefde, genade en wysheid.
Joh 15:5 "Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie."
Joh 15:9 "Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. Bly in hierdie liefde van My."
Joh 15:10 "As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly."
Joh 15:12 "Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het."

Hierdie is ons grootste naastediens/gemeenskapsdiens – dit is die basis van ons lewe, die fondament in Jesus Christus.
2Kor 7:2 "..... Ons het niemand onreg aangedoen nie, ons het niemand benadeel nie, ons het op niemand voordeel behaal nie."
Jak 3:17 "Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins."
Jak 3:18 "En die vrug van die geregtigheid word gesaai in vrede vir die wat vrede maak."
Gal 5:22 "Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing."
1Kor 13:4 "Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie,"
1Kor 13:5 "handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie,"
1Kor 13:6 "is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid."
1Kor 13:7 "Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles."
1Kor 13:8 "Die liefde vergaan nimmermeer;....."

Op hierdie fondament word die lewe in Christus gebou – met hierdie kleure kry die lewe sin en word 'n doellose bestaan opgehelder en kry die individu nuwe sin en rigting. Stewig op die vaste Rots gegrond kan ons saam met Christus onder leiding van Sy Gees na hartelus verf die ewige wysheid van God – Sy onselfsugtige en selfopofferende liefde.

Dit is nie slegs die een met die mooiste verfstuk wat hemel toe gaan nie – maar elkeen wat leer verf het by die Meester, en onselfsugtig begin verf het in die lewe om hulle heen – die gebooie van God, naasteliefde, vrug van die Gees, eerlik, regverdig en opreg!!
1Pet 2:21 "Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg;"

1Pet 2:22 “Hy wat geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie;“
1Pet 2:23 “wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel;”
1Pet 2:24 “wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is.”
1Pet 1:22 As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar vurig liefhê uit ‘n rein hart;
1Pet 1:23 want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.
1Pet 1:24 Want alle vlees is soos gras, en al die heerlikheid van die mens soos ‘n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af,
1Pet 1:25 maar die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is.
1Pet 2:1 Lê dan af alle boosheid en alle bedrog en geveinsdheid en afguns en alle kwaadpratery;
1Pet 2:2 en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei,
1Pet 2:3 as julle ten minste gesmaak het dat die Here goedertieren is.

Diegene wat hul lewens hiertoe verbind het sekerheid van lewe in Jesus vir tyd en ewigheid – het jy die behoefte om jouself tot God te verbind om verander te word en vir tyd en ewigheid om die karakter en wese van Jesus Christus deelagtig te word? Hierdie proses is verniet, lewer ewige resultate en wag vir jou om jou vertroue in God te plaas, om Hom te glo en jouself beskikbaar te stel om deur jou lewe te getuig dat Hy betroubaar en regverdig is

Gebed:
Hemelse Vader, ek is eiegeregtig en selfregverdigend, daarom swak en hulploos waneer dit kom by eerlik, regverdig en opreg wees – maw om U wysheid uit te leef. Tog kom U na my in volmaakte liefde , soos bewys deur die lewe en sterwe van Jesus aan die kruis, omdat U liefde in my geweldige potensiaal het om tot voordeel te strek vir almal om my. Deur my swakke hand in U sterke hand van vermoë te plaas – word my motiewe, hart en verstand, gereinig om in karakter en wese verander te word na die van Jesus Christus – die Verlosser, nou ook my Heer en Meester. U neem hierdie aardse stof wat ondergeskik was aan die versugtinge van die vlees en hef dit op onder leiding van die Gees om U waardes uit te leef, eerlik, regverdig en opreg. Stukkies wantroue in U (sonde) word van my weggekerf en vervang met vaste innerlike oorgawe/vertroue (geloof), om U wysheid net soos Jesus uit te leef en niemand te-na te kom nie, vir tyd en ewigheid. Ek aanvaar verlossing in Jesus, en gee myself oor aan U uit eie vrye keuse en volle innerlike oortuiging, om gevul te word met U liefde, U Gees en U wysheid – tot U eer, vir tyd en ewigheid. In Jesus naam, amen.